# VOORWOORD TOT DIE STAAT VAN BELYDENIS.

## Bedanking as lidmaat van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG)

Die besluit wat ek geneem het, wat ek glo, het geskied onderleiding van die Heilige Gees, het ‘n baie lang aanloop. Sedert 2008 het ek Koers per e-pos begin ontvang en toe bewus geword van strominge binne die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika (NHKA). Met Algemene Kerk Vergadering (AKV) van 2010 was ons oorsee, met die terugkom lees ek van wat op die AKV gebeur het in Koers. Ek woon al die steedsHervormers se vergaderings op eie stoom by, my gemeente Kriel, is nie deel nie. Op die vergaderings koop ek boeke wat Prof HG van der Westhuizen skryf, oa., Die Wit Dwaling. Verstaan baie min daarvan want ek weet niks van die Israelvisie nie. Verhuis na Hartbeespoort in Mei 2012 en word lidmaat in GHG Theresaparkgemeente.

In 2014 gaan ons en vriende na ‘n Kleinfontein karnaval. ‘n Stalletjie gee gratis boeke, ek neem daarvan, geskryf deur Ds. Ben Maree. Lees die boek getiteld: “Uitverkiesing; so logies en noodsaaklik” en van die ander boeke en toe word ek bewus van goed wat in die Bybel staan wat ek vantevore gelees het en nie verstaan het nie. Die boeke haal Bybeltekste aan en dit maak my oë oop vir die wonder uitsprake in die Skrif. Ons predikante haal mos maar selde teksverse aan. So begin my wonderlike ontdekkingsreis deur die Heilige Skrif en is ek verstom en verbaas oor die rykdom van inligting wat daarin opgeteken is. Ek is toe al ‘n sewentigjarige.

Ek volg bronverwysings op en laai boeke van die internet af wat my verder help om die Bybel reg te verstaan deur die Skrifuitleg wat gedoen word. So lees ek in 2015 die boek; <u>Jou Erfdeel. Die Besbewaarde geheim in die wêreld</u>, skrywer is Robert Alan Balaicius van Sacred Truth Ministries in die VSA. Wat ‘n goeie bron, een teks verwysing na die ander om te bewys dat wat geskryf word waar en korrek is, omdat die Bybel so sê! Nou begin ek lees en leer van die Israelwaarheid of Israelvisie. Die inligting spoor my aan tot verdere navorsing en kry ek nog drie Amerikaners wat skryf oor die Israelwaarheid. Ek luister vir ure na hulle lesings en lees bladsye se lesings/preke wat altyd uit die Bybel onderskryf word, selde word ‘n ander persoon aangehaal en gee hulle elle lange bronverwysings, natuurlik is die Bybel altyd die eerste. In die tyd lees ek ook wat Pastoor Frikkie Neser skryf, hy en Ds Maree stem ooreen met die Amerikaners. So ‘n jaar of wat terug maak ek kennis met skrywes van Frikkie Botha, Ds Gert Steenkamp en Ds WH Smith.

Almal verkondig dieselfde boodskap: Die Bybel is God se Woord oor Sy volk Israel en na al die jare se studie besef ek dat ek en elke ander persoon wat blank is, is afstammelinge uit volke wat afstammelinge is van Abraham, Isak en Jakob. Vandat die skille van my oë afgeval het lees ek dit in die Bybel raak, dit staan daar duidelik geskryf, in die Ou en die Nuwe Testament. Die "kerk" en teoloë ontken die groot waarheid want hulle dink die Edomiet-Jode in Israel en oor die hele wêreld is die uitverkore volk van God. Hulle dink ook al die "gelowiges" is geestelike Israel, volk van God. Hulle het nog nooit die moeite gedoen, dink ek, om die wêreld se geskiedenis te gaan lees nie, want die Israelbannelinge se trek uit Assirië noordwaarts en daarna weswaarts is opgeteken en in museums beskikbaar. Argeoloë se opgrawings bevestig dit wat in die Bybel staan. God praat deur Sy profete met die huis van Israel alhoewel hulle alreeds meer as honderdjaar in ballingskap weg gevoer was. Yahshua sê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Na wie? Matt. 15:24; Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis Israel.

So, geagte leser, daar is by my geen twyfel wie ek is nie, afstammeling van Israel, God se uitverkore volk, en daarom voel ek my nie meer tuis in 'n "kerk" waar die feit misken word en nie gepredik word nie. En waar die Bybel gebruik word om 'n sekere doktrine te verkondig wat nie die volle waarheid van die Woord is nie. Die waarheid alleen maak ons vry!

U sou sien uit die agtergrond wat ek probeer weergee het, dat ek albei kante van die 'munt' deeglik ondersoek het en na baie jare se studie tot dié onteenseglike waarheid gekom het.

So glo ek – ek kan nie anders nie.

So help my, Yahweh.

Bernard Harley

3 Augustus 2022

**STAAT VAN BELYDENIS VAN BERNARD HARLEY** Augustus 2022

So glo ek – ek kan nie anders nie.

My onwrikbare geloof is in God, Yahweh, die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde.

Yahweh, die Een Enige God wat Homself manifesteer in Sy vleesgewording, Yahshua en in die Heilige Gees.

Ek bely die Bybel as Yahweh se waaragtige ewige en onveranderlike Woord.

Geen Belydenisskrif of Kerklike dogmatiek of enigiets wat Calvyn geskryf het of wat enige professor ooit kwytgeraak het, kan met die Bybelse inligting vergelyk word of daaraan gelykgestel word nie.

Daar is dus net een GESAG en dit is die Bybel en die Bybel alleen.

**Al bogenoemde dwing my om uit die GHG te bedank.**

My redes word soos volg verwoord:

1. Die Bybel word in die eredienste tot die minimum gebruik,'n paar verse word gelees, 'n teks word uitgesonder, 'n preek word rondom die teks geweef sonder om weer na die gelese gedeeltetjie terug te verwys of om dit aan die gemeentelede te verduidelik. Teks word as vertrekpunt gebruik uit die Bybel uit sonder om na die Bybel terug te keer. Die gevolg van die optrede deur die predikante het tot gevolg dat die lidmate die rykdom van Godswoord nie ontdek nie. Die Lewensbrood se dagstukkies volg presies dieselfde modus operandi. Lidmate het nie tyd of wil nie tyd maak om self die Bybel te bestudeer nie, hulle werk elke dag en somtyds lang ure. Die predikant word betaal deur die lidmate om die Woord aan hulle te verduidelik en uit te lê. Yahweh sê;
   **Hos 4:6;** My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.
   Kerklike dogma, Christosentries, word alleen verkondig sonder om die hele Bybel te verduidelik.
2. Wie het die Bybel geskryf? Yahweh het, deur Sy profete en apostels onder leiding van die Heilige Gees.
   **2 Tim. 3:16-17;** Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, 17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.
3. Moses het die eerste vyf boeke van die Bybel geskryf (NGB Artikel 4). Hoe het hy geweet van alles wat gebeur het as hy eers 2510 jaar na Adam geleef het? Maklik, God Yahweh het dit vir hom woord vir woord vertel!

4. Aan wie en vir wie en oor wie, is die Bybel geskryf? Sal ek baie graag eers die predikante se antwoord hierop wou gekry het voor ek my sienswyse gee. Na baie ure se preke/lesings luister en baie leeswerk en inligting wat skrywers met bewyse uit die Bybel ondersteun het, glo ek hulle wat sê dat alles in die Bybel het NET betrekking op (fisiese) Israel (geen geestelike Israel nie), Yahweh se uitverkore volk. Alles wat in die Skrif geskryf is, is oor Israel, al twaalf stamme. Ander volke word vermeld net waar hulle iets met Israel te doen het. Die volgende tekste bewys dit. Ek haal net sommiges aan.
    a. **Gen 17:7**; En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.
    b. **Deut 4:37**; En omdat Hy jou vaders liefgehad en hulle nageslag na hulle uitverkies het, en Hy self jou deur sy grote krag uit Egipte uitgelei het,
    c. **Ps 105:6**; o nageslag van Abraham, sy kneg, o kinders van Jakob, sy uitverkorenes!
    d. **Matt 19:28**; En Yahshua sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.
    e. **Luk 1:55**; soos Hy tot ons vaders gespreek het—aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid. (Ek kan tot 68 tekste aanhaal.)

**Die volgende onderwerpe word selde indien ooit aangeraak of oor gepreek of aan die lidmate verduidelik:**

1. Adam was die eerste witmens [Blanke] op die aarde en nie die eerste mens nie. a) Adam beteken om bloed in die gesig te toon. b) A = alfa, die begin, dam = bloed van God, Om te kan bloos.

   **Luk 3:38;** die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God.
2. Adam is na die beeld van Yahweh geskape en Eva is uit hom geformeer omdat daar geen vrou van sy soort op die aarde was nie.

   **Gen 2:20**; So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, <u>maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.</u> (Wat nie van Adam se soort was nie)

   **Gen 1:27**; En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

   **Gen 2:7**; En Yahweh God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.

Alles wat Yahweh geskape het, het volgens hulle soorte voortgeplant. Adam sê nadat Yahweh Eva aan hom gegee het;

**Gen 2:23**; Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.

3. Die bome in die tuin was stambome, dus mense van ander rasse, baie ouer as Adam en sy nageslag, die Adamiete. Die bewys is in;

   **Eseg. 28:12-15**; Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek Yahweh ELOHIM: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. 13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. 14 Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. 15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.

4. Geen gewone hout boom besit enige kennis van goed en kwaad nie.

5. Die duiwel (slang?) het Eva seksueel verlei en Kaïn was die gevolg.

   **Gen 3:13**; Daarop sê Yahweh God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg (KJV sê beguile) en ek het geëet.

   **H5377** nâshâ' *naw-shaw'* A primitive root; to *lead astray*, that is, (mentally) to *delude*, or (morally) to *seduce:* - beguile, deceive, X greatly, X utterly.

6. Die Twee Saadlyne, naamlik die Goddelike saadlyn en Sataniese saadlyn. Die satan se saad en Eva se saad was en is fisiese nageslagte.

   **Gen 3:15**; En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

   Hier is die eerste evangelie, HY = Yahshua. (Die is geen moederbelofte nie!!!)

7. Hoekom is Abel se offer aangeneem en nie Kaïn s'n nie? Omdat Abel 'n bloedoffer gebring en Kaïn nie. Yahweh het Adam en Eva alreeds onderrig hoe mens vir jou sondes versoening moes bring tot en met Yashua se koms, Hy wat dan die eenmalige en finale offer gebring het, Sy eie lewe. Dwarsdeur die Bybel lees ons van die sondoffers wat die priesters moes bring namens die volk. Die verband tussen die Ou Testamentiese offers en Yahshua se kruisdood het ek nog nooit by enige predikant gehoor nie.

   **Heb 11:4**; Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat

God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

8. Daar was dus ander mense op die aarde en dis waar Kaïn sy vrou gekry het en 'n stad gebou het, vir twee mense?

   **Gen 4:16**; Toe gaan Kain weg van die aangesig van Yahweh, en hy het gewoon in die land Nod, aan die oostekant van Eden. 17 En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar. Daarna bou hy 'n stad en noem die stad na die naam van sy seun Henog.

   **1 Joh 3:12**; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.

9. Kaïn se geslagsregister word nie begin met wie sy vader was nie, alle ander geslagregisters begin met die vader.

   **Gen 4:17**; En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar. Daarna bou hy 'n stad en noem die stad na die naam van sy seun Henog.

10. Die Goddelike Saadlyn is die van Adam, die seun van God,

   **Luk. 3:38**; die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God.

   Die saadlyn gaan voort tot by Noag en sy drie seuns.

11. Die Sataniese Saadlyn begin by Kaïn (Keniete) en word later "aangevul" met die van Esau (Edomiete). Die saadlyn verbaster met van die Judaïte na die Babiloniese ballingskap en is dit die oorsprong van die hedendaagse Jode. Hulle wat die hele wêreld belieg deur te sê hulle is die Israeliete, God se uitverkore volk.

   **Open.2:9;** Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle ~~Jode~~ Judeërs is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

   **Open 3:9;** Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle ~~Jode~~ Judeërs is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

   Lees wat sê Yahshua vir hulle,

   **Joh. 8:44**; Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

   **Matt. 23:35**; sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaría, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar.

12. Yahweh laat die sondvloed gebeur om die verbastering wat tussen Adam se wit [blanke] nageslag en die ander gekleurde volke op die

aarde plaasgevind het, te vernietig. Net Noag en sy seuns en hulle vrouens was nog suiwer wit.

13. Uit Sem se nageslag is Abram (Abraham) gebore (Let wel, Abram was geen heiden nie anders sou hy die opdrag van Yahweh bevraagteken het, hy kon nog met Sem, sy voorouer gepraat het, het dus in Yahweh geglo.) wat in gehoorsaamheid aan Yahweh sy land verlaat het. ‘n Voorvader van Abram was Heber, van wie die naam Hebreër kom. Yahweh sluit met Abraham ‘n onvoorwaardelike verbond,

**Gen. 13:16**; En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook getel kan word.

**Gen. 17:4-5**; Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word. 5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies.

Die menigte van nasies was net wit [blanke] Adamiete, Yahweh het gesê dat soort sal na soort voortplant.

14. Net so ‘n tussenwerpsel oor iets waaroor ook nooit gepreek word nie, dis oor die Genesis 10 blanke nasies van Noag se drie seuns. Gam se seuns en in die besonder Kanaän het hulle verbaster met anders-kleuriges. Van Sem se nageslag was Egiptenaars en die bouers van die piramides. In Josef se tyd was die Egiptenaars ‘n wit volk voor hulle later met die Afrika swartes verbaster het en geword het wat hulle vandag is. Jafet se nageslag het grootendeels blank gebly.

15. Josef se vrou was die dogter van die priester van On wat die farao aan hom gegee het. Sy was uit Sem se nageslag en dus ‘n wit Adamiet.

**Gen 41:45**; En Farao het Josef genoem Sáfenat-Panéag en aan hom Asenat, die dogter van Potiféra, die priester van On, as vrou gegee. En Josef het uitgetrek oor Egipteland.

16. Lot, Abraham se broerskind beland in Sodom en Gomora. Lot se dogters maak hom dronk en pleeg bloedskande met hom.

**Gen. 19:36-38**; So het dan die twee dogters van Lot by hulle vader bevrug geword, 37 en die oudste het ‘n seun gebaar en hom Moab genoem. Hy is die vader van die hedendaagse Moabiete. 38 En die jongste het ook ‘n seun gebaar en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die vader van die hedendaagse Ammoniete.

17. Yahweh herhaal die verbond aan Isak en Jakob/Israel. Beide Isak en Jakob trou met vrouens uit hulle ouers se families sodat hulle nageslag suiwer wit [blank] kon bly.

18. Na Sara se dood trou Abraham met Katura en het ses seuns by haar en ander seuns by sy byvroue. Die uitverkore seun was egter Isak, die

Goddelike Saadlyn.

**Gen 21:12**; Maar God het aan Abraham gesê: Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie. Luister na Sara in alles wat sy van jou verlang, want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag **genoem** word. (Isaacsons = Saxons)

**Gen 21:18**; Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand, want Ek sal hom 'n groot nasie maak. (Ismael)

**Gen 25:5**; En Abraham het aan Isak alles gegee wat hy besit het,

19. Rebekka baar 'n tweeling, Esau en Jakob. Yahweh het Jakob lief maar haat vir Esau.

**Gen. 25:23;** En Yahweh het haar geantwoord: Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien.

**Mal. 1:2-3**; Ek het julle (Israel) liefgehad, sê Yahweh. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek Yahweh. Tog het Ek Jakob liefgehad, 3 maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee.

**Rom 9:13**; Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.

20. Esau trou met twee volksvreemde vrouens, en later met 'n dogter van Ismael, tot sy ouers se verdriet.

**Gen. 26:34-35**; Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Judit, die dogter van Beëri, die Hetiet, vir hom as vrou geneem, en Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet. 35 En hulle was vir Isak en Rebekka 'n bitter verdriet.

**Gen 27:46**; Verder sê Rebekka vir Isak: Ek is moeg vir my lewe vanweë die dogters van Het. As Jakob 'n vrou neem uit die dogters van Het, soos húlle is, uit die dogters van die land—waarvoor lewe ek dan?

21. Yahweh seën vir Jakob.

**Gen. 35:10**; en God sê vir hom: Jou naam is Jakob; jy sal verder nie Jakob genoem word nie, maar Israel sal jou naam wees. En Hy het hom Israel genoem. 11 Verder sê God vir hom: Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n Nasie, ja, 'n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom.

22. Jakob het Efraim en Manasse as sy twee seuns geneem, lees,

**Gen. 48:3-5**; En Jakob het vir Josef gesê: God, die Almagtige, het aan my verskyn by Lus, in die land Kanaän, en my geseën 4 en vir my gesê: Kyk, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak, en Ek sal aan jou nageslag ná jou hierdie land as ewige besitting gee. 5 Nou dan, jou twee seuns wat vir jou in Egipteland gebore is voordat ek in Egipte na jou gekom het, is myne. Efraim en Manasse sal myne wees net soos Ruben en Símeon.

23. Jakob spreek 'n groter seën uit oor Efraim, die jongste, eerder as oor die oudste.

**Gen. 48:19**; Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word.

24. Jakob seën sy seuns. Ek sonder drie uit; a) Juda;

**Gen 49:8-10**; Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. 9 Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? 10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.

b) Josef ontvang die eersgeborene se seën;

**Gen 49:22-26;** Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur. 23 Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, 24 maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob—daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, 25 van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. 26 Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers.

c) Benjamin;

**Gen 49:27**; Benjamin is 'n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.

25. Juda, uit wie se geslag Yahshua Messiah gebore moes word, gaan trou mos met 'n Kanaänitiese vrou Sua en het drie seuns by haar. Drie kinders wat nie uit die blanke Adamitiese ras is nie en dus nie suiwer van bloed nie. Die vrou wat Juda vir sy eersgeborene, Er, geneem was Tamar, uit die nageslag van Sem. Yahweh laat hom sterf en ook sy broer Onan, wat toe Tamar as vrou moes neem. Die jongste seun Sela was te jonk om Tamar as vrou te neem, toe hy oud genoeg was, laat sy heidense ma hom met een van haar volk trou. Deur Yahweh se ingrype doen Tamar haarself voor as 'n hoer en Juda verwek by haar 'n tweeling, Peres en Serag (hy met die rooi-garingdraad om die arm). 'n Pragtige verhaal van hoe Yahweh verseker het dat Yahshua se voorgeslag suiwer van bloed gebly het.

**Matt. 1:3**; en Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, en Peres was die vader van Hesron, en Hesron die vader van Ram,

26. Moses word vir veertig jaar aan die beste onderwys en opvoeding

blootgestel in die farao se paleis. Hy het ook geweet van die Messiah se koms. Ons lees in;

**Heb 11:23-26**; Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie. 24 Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, 25 omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om ‘n tyd lank die genot van die sonde te hê, 26 en die smaad van Messiah groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.

27. Yahweh bekwaam Moses daarna vir ‘n verdere veertig jaar in die woestyn agter die skape om Sy volk, die twaalf stamme van Israel, uit Egipte uit te lei. Moses was dus hoogs opgelei, onderrig en bevoeg om Yahweh se opdrag te kon uitvoer. Ons God is ‘n God van orde!

28. Yahweh sluit ‘n verbond met Moses. Die verbond sluit die Tien Gebooie in wat stipuleer hoe Yahweh gedien wil word uit dankbaarheid vir die feit dat Hy die volk uit Egipte, uit slawerny, verlos het. Adam-Israel is die enigste volk op die aarde aan wie die Wet gegee is om te onderhou. Die Wet vereis onderhouding en dan gevolglike seëninge en swaar strawwe, as die Wet nie gehoorsaam word nie. Die Moses verbond sluit alle ander volke uit. Die mees belangrike eienskap van die verbond is die huweliksluiting tussen Yahweh en Israel:

**Deut 26:17-19**; Vandag het jy (Israel) Yahweh laat verklaar dat Hy vir jou 'n God sal wees, en dat jy in sy weë moet wandel en sy insettinge en sy gebooie en sy verordeninge moet hou en na sy stem moet luister. 18 En Yahweh het jou (Israel) vandag laat verklaar dat jy vir Hom 'n eiendomsvolk sal wees soos Hy jou beloof het, en dat jy al sy gebooie sal onderhou; 19 en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad, en dat jy 'n heilige (afgesonderde) volk aan Yahweh jou God sal wees soos Hy beloof het. (Hierdie is net Israel se huwelikbeloftes).

29. Die hele Wet van Yahweh behels die volgende; a) Die Tien Gebooie b) Instellings c) Verordeninge d) Rituele. Al wat verval het is die rituele omdat Yahshua Messiah dit ten volle vervul het en daar dus geen nodigheid meer voor is nie. Al die ander bly egter van toepassing, Yahshua sê;

**Deut 11:1**; Daarom moet jy Yahweh jou God liefhê en altyd sy ordening, sy insettinge sowel as sy verordeninge en sy gebooie onderhou.

**Matt 5:18**; Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

30. Yahshua het tot en met Sy kruisiging al die feesdae presies nagevolg. So is Yahshua gekruisig op die dag en tyd dat die paaslam geslag moes word;

**Matt 5:17**; Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

31. Yahweh se opdrag oor hoe met die heidense [barbaarse] volke gehandel moes word sodat daar nie afgodediens en rasvermenging sou plaasvind nie;

**Deut 7:1-4**; As Yahweh jou God jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, sewe nasies, meer en magtiger as jy; 2 en Yahweh jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie. 3 Jy mag jou ook nie met hulle verswaer nie—jy mag jou dogter nie gee aan sy seun, en sy dogter nie neem vir jou seun nie; 4 want hy sal jou seun van My afvallig maak, sodat hulle ander gode dien en die toorn van Yahweh teen julle ontvlam en Hy jou gou verdelg.

32. Rasvermenging word dwarsdeur die Bybel ten strengste verbied en tog na amper 30 jaar onder ANC regering hoor lidmate nooit dat rasvermenging verskriklik verkeerd is nie; nie in die kerk nie, nie in die media, nêrens nie, ʻn sonde tot die dood? Ons kinders word in ʻn samelewing groot wat kamstig kleurblind moet wees, wie waarsku hulle? Die ouers? Wie waarsku die ouers?

**Deut 23:2-3**; Geen baster mag in die vergadering van Yahweh kom nie; selfs sy tiende geslag mag in die vergadering van Yahweh nie kom nie. 3 Geen Ammoniet of Moabiet (bloedskande) mag in die vergadering van Yahweh kom nie; selfs hulle tiende geslag mag nooit in die vergadering van Yahweh kom nie;

33. Ragab in Jerigo was geen hoer nie en ook nie ʻn Kanaäniet of iets dergliks nie. Sy was in die eerste plek ʼn witvrou van Adamitiese afkoms wat daar gewoon het. Sy het ʻn herberg besit en dis waar die twee verspieders gaan blyplek soek het. Hoekom sou hulle na ʻn hoerhuis gaan om verblyf te probeer kry en dit nogal twee van hulle? Sy het hulle op die dak gaan wegsteek tussen die vlasstoppels. Sien, alles dui daarop dat sy ʻn herbergier was. In Hebreeus is die woorde vir hoer en herbergier blykbaar omtrent dieselfde, sê my bronne.

34. Rut was ook geen heiden of van vreemde vlees nie, sy was ʻn wit blanke Israeliet wat in Moab gewoon het. Toe die Israeliete die beloofde land binne gegaan het, na hulle 40 jaar omswerwing

gedurende die eksodus, was die land van Moab die eerste wat hulle verower het. Yahweh het die Israeliete beveel om al die inwoners van die gebiede wat hulle in besit geneem het, uit te wis en in Moab se geval het hulle presies dit gedoen. In die tyd, omtrent 1450 VC., het Sihon koning van die Amoriete, die koninkryk van Moab oorwin en beset en was hy die heerser toe Israel daar aangekom het. Ons lees in;

**Num21:25&29**; So het Israel dan al hierdie stede ingeneem, en Israel het gewoon in al die stede van die Amoriete, in Hesbon en in al sy onderhorige plekke. 29 Wee jou, Moab! Jy is verlore, volk van Kamos! Hy het sy seuns prysgegee as vlugtelinge, en sy dogters in gevangenskap, aan Sihon, die koning van die Amoriete.

Ons het die duidelikste bewyse dat beide God die Vader Yahweh en God die Seun, Yahshua, konsekwent getrou aan sy eie gebooie was. Rut was 'n suiwer Israeliet, uit die land van Moab, maar nie van die Moabiet-ras nie! Daarom kon Rut vir Naomie sê;

**Rut 1:16;** Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God.

35. Wat hiervandaan af verder gebeur met die Israeliete is dat hulle in afgodediens en hoerery verval het, oor en oor. Wanneer hulle swaarkry en tot Yahweh om hulp smeek, dan help Hy elke keer. Yahweh waarsku en vermaan hulle deurentyd om hulle van hulle verkeerde weë te bekeer, maar hulle doen so voort.

36. Na Salomo se dood verdeel die volk in twee; 10-Noordelike stamme en 2-Suidelike stamme en gaan beide koninkryke voort met hulle onheilighede, waarvan die najaag van vreemde vlees hoeveel keer vermeld word. Die verdeling sê Yahweh is van Hom;

**1 Kon 11:29;** Terwyl Jeróbeam in dié tyd uit Jerusalem uitgaan, kry die profeet Ahía, die Siloniet, hom op die pad; en dié was bekleed met 'n nuwe mantel; en hulle twee was alleen in die veld. 30 Toe gryp Ahía die nuwe mantel wat hy aangehad het, en skeur dit in twaalf stukke, 31 en hy sê vir Jeróbeam: Neem vir jou tien stukke, want so spreek Yahweh, die God van Israel: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo afskeur en aan jou die tien stamme gee; 32 maar die een stam sal syne wees ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem, die stad wat Ek verkies het uit al die stamme van Israel—

Ons lees ook in;

**1 Kon 12:24**; So spreek Yahweh: Julle mag nie optrek en teen julle broers, die kinders van Israel, oorlog voer nie; julle moet omdraai, elkeen na sy huis; want van My het hierdie saak gekom. Hulle het toe geluister na die woord van Yahweh en weer teruggetrek volgens die woord van Yahweh. en

**Ps 114:1-2;** Toe Israel uit Egipte getrek het, die huis van Jakob uit 'n

volk met 'n vreemde taal, 2 het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied.

Die oorblyfsel van Juda het sy doel gedien tot en met Yahshua Messiah se koms. Die res van Juda en Benjamin het met die 10 stamme in verstrooiing gegaan en hulle taak is om die koninkryk – ryksgebied van Yahweh te gaan vestig, totdat Yahshua met Sy wederkoms op die troon van Dawid sal sit en heers op die nuwe aarde, geen geestelike koninkryk nie;

**Open 21:1-2**; En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. 2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

**Open 21:12**; En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.

37. Uiteindelik lei die Israeliete se verval tot afgodediens wat met gruwelike hoerery met die heidense [barbaarse] volke gepaard gaan, tot met Yahweh se egskeiding van Sy volk en die ballingskappe wat daarop volg. Yahweh kon slegs van Sy vrou, Israel – al 12 stamme, skei weens egbreuk volgens Sy eie wette in Levitikus.

38. Hoekom die kerke die ballingskap van die Tien stamme van die Noordryk so te sê ignoreer, verstaan ek glad nie. Na die Babiloniese ballingskap word wel verwys en dan verkeerdelik na die "volk" verwys as sou dit die hele Israel, 12 stamme insluit. **Blykbaar glo die kerke nie dat die blanke Europeërs afstammelinge is van die bannelinge – al 12 stamme – nie. Waarom nie??** Alles wat ek daar omtrent gelees het was uit die Bybel as sulks bewys en ook uit die wêreld se geskiedenisboeke en bevestig deur opgrawings deur argeoloë.

39. 'n Gedeelte van die stam van Juda het wel saam met die basters uit Babilon teruggekeer na Jerusalem. In Yahshua se tyd was daar suiwer Judaïte en baster Edomiet-Jode in Judea, wat onder Herodus, 'n Edomiet-Jood, se koningskap, 'n provinsie van die Romeinseryk was.

**Jer 24:1-10;** Yahweh het my laat sien, en daar was twee mandjies met vye, reggesit voor die tempel van Yahweh—nadat Nebukadrésar, die koning van Babel, Jegónja, die seun van Jójakim, die koning van Juda, en die vorste van Juda en die smede en die slotmakers uit Jerusalem in ballingskap weggevoer en hulle in Babel gebring het. 2 In die een mandjie was baie goeie vye soos die voorvye; maar in die ander mandjie was baie slegte vye, te sleg om te eet. 3 En Yahweh het vir my gesê: Wat sien jy, Jeremia? En ek het geantwoord: Vye; die

goeie vye is baie goed en die slegtes baie sleg, te sleg om te eet. 4 Toe het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê: 5 So spreek Yahweh, die God van Israel: Soos hierdie goeie vye, so sal Ek ten goede aansien die ballinge van Juda wat Ek uit hierdie plek na die land van die Chaldeërs weggestuur het; 6 en Ek sal my oog op hulle slaan ten goede en hulle terugbring in hierdie land; en Ek sal hulle bou en nie afbreek nie, en hulle plant en nie uitruk nie. 7 En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek Yahweh is; en hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, want hulle sal na My terugkeer met hul hele hart. 8 En soos die slegte vye wat te sleg is om te eet—waarlik, so sê Yahweh—só sal Ek Sedekía, die koning van Juda, maak en sy vorste en die oorblyfsel van Jerusalem wat in hierdie land oorgebly het en die wat in Egipteland woon; 9 en Ek sal hulle 'n skrikbeeld maak, 'n onheil vir al die koninkryke van die aarde, 'n smaad en 'n spreekwoord, 'n spot en 'n vervloeking in al die plekke waarheen Ek hulle verdrywe; 10 en Ek sal onder hulle stuur die swaard, die hongersnood en die pes, totdat hulle omgekom het uit die land wat Ek aan hulle en hul vaders gegee het.

40. Die Ou Testament en die Nuwe Testament is vol van verwysings, aanhalings en bewyse dat Yahweh steeds net met Sy uitverkore volk besig was. Elkekeer wanneer ek sulke tekste lees is ek verwonderd oor die predikante se blatante ignorering van dit wat in Die Heilige Skrif staan, wat Yahweh se Woord is en Sy woorde is ewig vas en waar. Wat in die Ou Testament as 'n ewige instelling of opdrag gegee is het ewigheidswaarde en is dus steeds geldig in die Nuwe Testament.
Yashua sê in;
**Matt 15:24**; Maar Hy antwoord en sê: Ek is **net** <u>gestuur</u> na die verlore skape van die <u>huis van Israel.</u>
**Mat 28:19**; Gaan dan heen, maak dissipels van <u>al die nasies</u>, (Let wel, <u>nie alle nasies</u> nie, net al die 'Israel' nasies) en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Die Bybel moet in sy hele konteks gelees word. Die Bybel is oor en vir Adamiete en Israel geskryf, vir hulle alleen.
Sien ook Hand.15:17 – oor wie Sy Naam uitgeroep is – dis oor Israel alleen!
**Joh 17:18**; Soos U my <u>gestuur</u> het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld <u>gestuur.</u>
**Joh 20:21**; Yahshua sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My <u>gestuur het</u>, <u>stuur</u> Ek julle ook.
**Luk 22:28-30**; En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoekinge. 29 En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, 30 sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my

koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.

41. Predikante noem Yahshua 'n Jood. Hoe hulle dit kan doen weet net hulle. Lees hulle nie die Bybel in sy geheel nie? In Genesis sê Yahweh alles sal voortbring volgens sy soort, daarom het Yahweh geen onsuiwer bloed in Yahshua se geslagslyn laat inkom nie! Die geslagregister maak dit tog baie duidelik; (Tog is daar predikante wat beweer Yahshua was 'n baster.)

**Matt 1:1-2**; Die geslagsregister van Yahshua Messiah, die seun van Dawid, die seun van Abraham: 2 Abraham was die vader van Isak, en Isak die vader van Jakob, en Jakob die vader van Juda en sy broers;

(niemand in die hele geslagregister was 'n Jood nie!)

Nog verdere inligting;

**Luk 3:31-38**; die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van Dawid, 32 die seun van Isai, die seun van Obed, die seun van Boas, die seun van Salmon, die seun van Nagson, 33 die seun van Ammínadab, die seun van Ram, die seun van Hesron, die seun van Peres, die seun van Juda, 34 die seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham, die seun van Tera, die seun van Nahor, 35 die seun van Serug, die seun van Rehu, die seun van Peleg, die seun van Heber, die seun van Sela, 36 die seun van Kainan, die seun van Arpágsad, die seun van Sem, die seun van Noag, die seun van Lameg, 37 die seun van Metúsala, die seun van Henog, die seun van Jered, die seun van Mehaláleël, die seun van Kenan, 38 die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God.

42. Die eerste doel van Yahshua (Yahweh in die vlees) se menswording en kruisdood was dat Israel se "man", Yahweh as mens – Yahshua, moes sterf om weer met Israel te kon trou. Met die opstanding in die verheerlikte liggaam, was Yahshua nou binne die wet om weer met Sy "vrou" Israel, al 12 stamme, te hertrou. Die hemelvaart tot die wederkoms is nou die verlowingstydperk, want die troue sal met Yahshua se wederkoms plaasvind. Sedert die Hemelvaart tot en met die wederkoms is die tyd waarin die bruid haar vir haar man gereed moet maak. Die evangelie verkondiging is die middel waardeur die bruid – al 12 stamme van Israel – haar gereed maak om met haar Man te hertrou. Terselfdertyd word die ryksgebied van Yahweh gevestig sodat met Sy wederkoms die koninkryk gereed sal wees.

**Open 19:7**; Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. Hierdie 'vrou' was vantevore getroud, vlgs die Grieks.

43. Die tweede doel was om al 12 stamme terug te koop ("redeem") uit die mag van doderyk en die sonde sodat al die Israeliete weer Yahweh se eiendom kon word. Terselfdertyd word elke indiwiduele Israeliet ook uit die mag van die sonde en die dood teruggekoop ("redeem" – verlos)

en word elkeen wat glo in Yahshua, Yahweh se eiendom, Sy kind en dus mede erfgenaam van die ewige lewe. Die terugkoop ("redemption") doen Yahshua met Sy bloed, Hy betaal die hoogste prys denkbaar om ons, as Israel en elke persoon wat glo, weer sy eiendom te maak. ("Redemption" beteken om iets wat vantevore aan jou behoort het weer terug te koop aan wie jy dit ookal verpand het)

44. In die Nuwe Testament uit die briewe van al die apostels is dit duidelik dat hulle aan Yahshua se opdrag gehoorsaam was om die evangelie net aan Israeliete te gaan verkondig, in ooreenstemming met Yahshua se opdrag;

**Joh 20:21**; Yahshua sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.

45. Die Romeine was Israeliete, so ook die Grieke en aan almal aan wie Paulus sy briewe geskrywe het, toe hy Asië toe wou gaan is hy deur die Heilige Gees verhoed om te gaan, twee keer.

46. Ek kry op die internet Handeling 29 waarin beskrywe word van Paulus se sendingreis na Spanje, Britanje, Frankryk, Switzerland en Illirikum.

47. Petrus skryf aan die uitverkorenes. Wie is hulle? Die bannelinge;

**1 Pet 1:1-2**; Petrus, 'n apostel van Yahshua Messiah, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië, 2 uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Yahshua Messiah: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

**1 Pet 2:9;** Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige (afgesonderde) volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, 10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.

**Hos 1:9;** En Hy het gesê: Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie. 10 Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God.

48. Paulus skryf ook aan hulle en ek kan nie onthou dat dit al deur 'n predikant verduidelik is in 'n preek wat ek na geluister het nie;

**Rom 1:1**; Paulus, 'n dienskneg van Yahshua Messiah, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God—

**Rom 4:1;** Wat sal ons dan sê, het Abraham, ons vader na die vlees, verkry?

**Rom 4:13;** Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar

deur die geregtigheid van die geloof.

**Rom 4:17;** soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.

**Rom 7:1;** Of weet julle nie, broeders want ek spreek met mense wat die wet ken dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?

**Rom 9:3-5**; Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, wég van Messiah af. 4 Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes; 5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Messiah is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid!

**Rom 11:1,2,7,8**; Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. 2 God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elía sê nie? hoe hy by God optree teen Israel en sê: 7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard. 8 Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.

**Rom 15:19** deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Messiah volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illírikum;

49. Verder lees ons ook in Jakobus;

**Jak 1:1;** Jakobus, 'n dienskneg van God en Yahweh Yahshua Messiah, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete.

50. Wie is die vier en twintig ouderlinge anders as die 12 seuns van Jakob/Israel en die twaalf dissipels/apostels?

**Open 4:10**; val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:

**Open 11:16**; En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê:

**Open 14:3;** En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend (twaalf duisend uit elk van die 12 stamme) wat van die aarde vrygekoop is.

## Opsomming

My hele betoog gaan dus daaroor dat die kerke (GHG, NHKA, NGK, GK, APK, EGK, AGS, METODISTE, ANGLIKANE, RK, ens.) die bestaan van die uitverkore volk van God Yahweh, Israel, die twaalf stamme, die Adamiete, die blanke Anglo-Saksiese, Germaanse en Skandinawiese en ander blanke volke, misken.

Die hele Bybel handel net oor dié volk! Hoe die kerke dit nie wil insien, glo en daaroor preek nie, laat my stom van verbasing. Elke keer wanneer ek teksverse lees waar dit so duidelik geskryf staan, kan ek die kerke se sienwyses nie verstaan nie. Hoekom wil die kerke daarvan niks weet nie? Ek dink hulle dink dis diskriminasie teenoor die ander volke en dit is so, want Yahweh sê dit tog duidelik dwarsdeur die hele Bybel. Yahweh diskrimineer openlik teen ander volke ten gunste van Israel dwarsdeur die Bybel.

**2 Tim 3:16-17;** Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die Geregtigheid, 17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Die kerke se preke is Christosentries en dit is reg dat dit so is, maar wat van Israelsentriese-prediking eerste, dis tog die basis. Die Israelvolk se redding ("redemption" = terugkoping) eerste en dan die van die gelowige enkeling wat afstammeling is van daardie Godsvolk. NIEMAND ANDERS NIE! Niemand anders was in die Verbond wat Yahweh met Abraham, Isak en Jakob gesluit het, ingesluit nie, ook nie in Yahweh se verbond met die volk Israel in;

**Deu 26:17-19**; Vandag het jy Yahweh laat verklaar dat Hy vir jou 'n God sal wees, en dat jy in sy weë moet wandel en sy insettinge en sy gebooie en sy verordeninge moet hou en na sy stem moet luister. 18 En Yahweh het jou vandag laat verklaar dat jy vir Hom 'n eiendomsvolk sal wees soos Hy jou beloof het, en dat jy al sy gebooie sal onderhou; 19 en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad, en dat jy 'n heilige volk aan Yahweh jou God sal wees soos Hy beloof het.

Yahshua, Yahweh in die vlees, het met Sy bloed, ons, die blanke Adamiete, Israel, terug gekoop uit die mag van die sonde en die dood en nou is ons, Sy volk, weer sy eiendom! DIT IS DIE BLYE BOODSKAP VAN REDDING, VERLOSSING EN GENADE!!!!

So glo ek – ek kan nie anders nie.

Bernard Harley

Soetdoring Aftree Oord

Sinoville

2 Augustus 2022